



dagstukkies met Dennis

Daaglik by www.tygerberg104fm.co.za/blog



19 JULIE 2019

Handelinge 2: 41 - 42: #Kerk

“Die wat Sy woorde aangeneem het, is gedoop, en omtrent drie duisend mense is op daardie dag by die getal van die gelowiges gevoeg. Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die Apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.”

Dawid spreek in Psalm 119:105 “U Woord is ‘n lamp vir my voet en ‘n lig vir my pad.” Daarom sê Paulus in Efesiërs 2:19-22: “So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van God, gebou op die fondament van die Apostels en Profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot ‘n Heilige tempel in die Here, in wie julle ook saam opgebou word tot ‘n woning van God in die Gees.” Die leer van die Apostels was: Jesus, die gekruisigde, wat begrawe is, op die derde dag opgestaan, opgevaar het en sit aan die regter hand van God. Handelinge 2:36 verklaar: “Laat dan die hele huis van Israel sekerlik weet dat God hom Here en Christus gemaak het, hierdie Jesus wat julle gekruisig het.”

Daarom die wat die Woord gehoor het, het die Here in hulle lewe aangeneem en in gehoorsaamheid die Woord wat die Apostels spreek het met blydschap aangeneem. In Handelinge 2:42 sê Paulus: “En hulle .” met ander woorde, hulle wat gelowig geword het, wat gered is uit die verkeerde geslag, hulle; “.. het volhard in die leer van die Apostels ...” Hulle het dus Christus verkondig waar hulle ookal gegaan het soos die Apostels hulle in die huis van die Here geleer het; “...en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede” het hulle volhard.”

Vrede / Shalom

DIE WAT SY WOORDE AANGENEEM HET, IS GEDOOP, EN OMTRENT DRIE DUISEND MENSE IS OP DAARDIE DAG BY DIE GETAL VAN DIE GELOWIGES GEVOEG. HULLE HET HULLE HEELHARTIG TOEGELÊ OP DIE LEER VAN DIE APOSTELS EN DIE ONDERLINGE VERBONDENHEID.

die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.

HANDELINGE 2:41-42

